# VOTIEFMIS VIR DIE SORG VAN DIE SKEPPING

## SKRIFLESING uit die Ou Testament — Wysheid 13:1-9

*Want as hulle soveel kon weet dat hulle 'n beskouing oor die wêreld kon vorm,*
*waarom het hulle die Here van hierdie dinge nie gouer gevind nie?*

### 'n Voorlesing uit die Wysheid van Salomo

Daarom, alle mense by wie daar onkunde oor God is, is van nature dwase –
mense wat nie Hom wat is uit die sigbare goeie dinge kon leer ken nie.
Ook het hulle nie die Ontwerper van die werke wat hulle bestudeer het, herken nie.
Nee, hulle het vuur of wind of vinnige lugstrome, of die kringloop van sterre
of onstuimige water, of die ligte aan die hemel,
as gode, as heersers van die wêreld beskou.
As hulle, bekoor deur die skoonheid van hierdie dinge, dit as gode aanvaar het,
dan moet hulle daaruit aflei hoeveel beter die Here daarvan is,
want Hy wat die dinge geskep het, is die Oorsprong van die skoonheid.
En as hulle stomgeslaan was oor die mag en werking van hierdie dinge,
moet dit hulle laat besef hoeveel magtiger die Maker daarvan is.
Want ooreenkomstig die grootheid en skoonheid van die geskape dinge,
kan 'n mens 'n besef kry van die Skepper daarvan.
Nietemin moet ons hierdie mense nie te veel blameer nie,
want hulle beland miskien op 'n dwaalspoor in hulle soeke na God
en hulle begeerte om Hom te vind.
Terwyl hulle omring van die werke van God leef en dit noukeurig bestudeer,
vertrou hulle op hulle oë, omdat wat hulle sien, mooi is.
Maar weer is daar geen verskoning vir hulle nie.
Want as hulle soveel kon weet dat hulle 'n beskouing oor die wêreld kon vorm,
waarom het hulle die Here van hierdie dinge nie gouer gevind nie?

Die woord van die Here.


*Voorberei en vertaal deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

*Alternatiewe Skriflesing uit die Nuwe Testament*

## SKRIFLESING uit die Nuwe Testament — Kolossense 1:15-20

*Alles is deur Hom en tot Hom geskep.*

**'n Voorlesing uit Sint Paulus se Brief aan die Kolossense**

Die Seun is die beeld van die onsigbare God, die Eersgeborene oor die hele skepping;
want deur Hom het God alles geskep: alles in die hemel en op die aarde,
die sigbare en die onsigbare dinge,
of dit koninklike of heersende magte, owerhede of gesagvoerders is –
alles is deur Hom en tot hom geskep.
Hy het voor alles bestaan, en in Hom hou alles stand.
Hy is die Hoof van die liggaam, die Kerk.
Hy is die oorsprong, die eersgeborene uit die dood,
sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem;
want God het dit goedgevind om die hele volheid in Hom te laat woon,
en om deur Hom alles, ja, alles op aarde en in die hemel, met Homself te versoen,
deurdat Hy vrede gebring het deur sy bloed aan die kruis.

Die woord van die Here.

## BEURTPSALM — Ps 19:2-3.4-5 (R. 2a)

***R/.*** *Die hemele basuin God se heerlikheid uit.*

Die hemele basuin God se heerlikheid uit,
die uitspansel verkondig die werk van sy hande.
Die een dag maak dit aan die volgende bekend,
die een nag deel dit aan die ander mee. ***R/.***

Spraak is daar nie en ook nie woorde,
geen stem word uit hul mond gehoor nie
Tog weergalm hul roepstem deur die hele wêreld,
hul boodskap tot aan die uithoeke van die aarde. ***R/.***

*Alternatiewe Beurtpsalm.*

## BEURTPSALM — Ps 104:1-2a.5-6.10.12.24.35c (R. 31b)

***R/.*** *Mag sy werke Hom vrede verskaf.*

Loof die Here, o my hart:
Here, my God, U is inderdaad groot,
met majesteit en heerlikheid beklee,
omhul met lig soos 'n mantel. ***R/.***


*Voorberei en vertaal deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

*R/. Mag sy werke Hom vrede verskaf.*

Die aarde het U op sy grondslag gevestig
sodat dit onwrikbaar staande sal bly.
Die see het hom soos 'n kleed bedek,
die waters was bo-oor die berge. ***R/.***

U laat fonteine in valleie ontspring,
hulle stroom tussen berge deur.
Die voëls van die hemel maak nes
en kwetter tussen die blare aan hul oewers. ***R/.***

Hoe talryk is u werke, Here,
deur u wysheid het U almal geskep,
die aarde is vol van u maaksels.
Ek wil die Here dank, halleluja. ***R/.***

## EVANGELIE AKKLAMASIE

Halleluja, halleluja!
Hoe talryk is u werke, Here,
deur u wysheid het U almal geskep.
Halleluja! (Psalm 104:24)

*Alternatiewe Akklamasie.*
Halleluja, halleluja!
Aan U, Here, behoort die grootheid,
en u regeer oor alles.
Halleluja! (I Kronieke 29:11d,12b)

## EVANGELIE

*Moet julle dus nie bekommer oor die dag van môre nie.*

**✠ 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus** 6:24-34

In dié tyd het Jesus vir sy dissipels gesê:
"Niemand kan twee base dien nie.
Want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê,
óf hy sal aan die een lojaal wees en die ander een verag.
Julle kan nie God én Mammon dien nie.
Daarom sê Ek vir julle, moet julle nie bekommer oor julle lewe,
oor wat julle sal eet, of oor wat julle sal drink,
of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie.
Is die lewe dan nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?


*Voorberei en vertaal deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

Let op die voëls van die hemel:
Hulle saai nie en hulle maai nie,
en hulle versamel niks in skure nie.
Tog sorg julle hemelse Vader vir hulle.
Is julle nie meer werd as hulle nie?
Wie van julle kan deur hom te bekommer, een el by sy lewe voeg?
En waarom is julle oor klere bekommerd?
Let op die wilde narsings, hoe hulle groei.
Hulle swoeg nie en hulle spin nie.
Maar Ek sê vir julle,
selfs Salomo in al sy prag was nie soos een van hulle geklee nie.
As God die gras van die veld, wat vandag daar staan en môre in 'n oond gegooi word,
so klee, hoeveel te meer nie vir julle nie, kleingelowiges?
Moet julle daarom nie bekommer nie en vra,
'Wat sal ons eet?' of 'Wat sal ons drink?' of 'Wat sal ons aantrek?' nie.
Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek.
Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het.
Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid,
en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.
Moet julle dus nie bekommer oor die dag van môre nie,
want môre sal hom oor homself bekommer.
Elke dag het genoeg van sy eie kwaad.

Die Evangelie van die Here.

*Alternatiewe Evangelie.*

## EVANGELIE

*Hy het die wind en die see bestraf en alles het baie kalm geword.*

**✠ 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus** **:23-27**

In dié tyd het Jesus in die boot geklim en sy dissipels het Hom gevolg.
Skielik bars daar 'n hewige storm op die see los,
sodat die golwe die boot oorspoel het,
Maar Hy het geslaap.
Hulle het Hom gaan wakker maak en uitgeroep:
"Here, red ons! Ons vergaan!"
Maar Hy het vir hulle gesê:
"Hoekom is julle bang, kleingelowiges?"
Toe staan Hy op en bestraf die wind en die see.
En alles het baie kalm geword.
Die mense was verwonderd en het gesê:
"Watter soort mens is dit dié dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?"

Die Evangelie van die Here.